

Woensdag 15 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 1:9-20

Fokusgedeelte: Openbaring 1:9, 13

Christus is die middelpunt van kerkwees

Is jy onrustig oor die toekoms van die kerk op aarde? Keiser Domitianus wou die kerk vernietig aan die einde van die eerste eeu nC. Hy verban Johannes, die apostel, na Patmos. Op Patmos ontvang hy versekering om die kerke tot by die wederkoms te bemoedig en te versterk. Die toekoms behoort aan die Here en die koms van die Koninkryk is onstuitbaar.

Die groot liefde van die Here vir sy kerk kom tot openbaring in die feit dat die Here Self aan Johannes verskyn. In die visioen sien hy Jesus Christus as die Menseseun in sy volle Goddelike majesteit. Hy lewe en is die ewige Koning. Hy dra 'n koningsmantel. Dit beteken: Jesus Christus is die enigste Regeerder oor alle tye. Hy hou die kerk vas en ons kan weet: Alle vyande van die kerk is reeds aan Hom onderwerp.

Jesus Christus is die middelpunt van sy kerk. Met beelde verduidelik die Here aan ons dat Jesus as die Gesalfde die handelende instrument in die lewe van die gemeentes sowel as die leraars is. Sy verlossingswerk op aarde is afgehandel en Hy is met sy Woord en Gees in die kerk aan die werk. Gemeentes – alhoewel selfstandig – is geroep om gesamentlik by die waarheid te bly.

Die Here is Almagtig. Hy weet alles. Niks is aan Hom onbekend nie. Ook die sonde is daglig vir Hom. Daarom kom die Woord soos 'n swaard na die mens. Die swaard is die teken van die kragtigheid en die deurpriemende karakter van die Woord van God. Die Woord gee aan ons troos en leiding in keuses wat ons moet maak. Die Woord korrigeer, motiveer, waarsku en praat ons moed in.

Daarom noem die Here Homself die Alfa en die Omega. Alles begin en eindig in Hom. Hy is in beheer van die verlede, hede en toekoms. Ons troos is dat ons uit Christus se nalatenskap met vrede vorentoe kan leef. Die vuur van die Gees dring ons om met blydskap die wederkoms te verkondig, omdat daar 'n kruis en 'n oop graf is. Jesus Christus is besig om sy finale verlossingsplan vir die wêreld te laat gebeur. Die gelowiges moet dit onbevange uitbasuin.

Sing: Psalm 2-1:6

Ds. SP Venter (Sarel) (Pietersburg)